

**Sing vooraf staande: Psalm 26:1, 2 (p. 121)**

- 1 O HEER, doen aan my reg! / Ek wandel as u kneg  
en wil opreg met U verkeer. / Op U alleen vertrou ek;  
op U, my Rotssteen, bou ek, / ek sal nie wankel, troue HEER!
- 2 Beproof my van omhoog, / deurstraal my met u oog;  
want op u guns verlaat ek my. / Deurgrond al my verlange  
en toets my in my gange, / want dis u waarheid wat my lei.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 24:1, 2 (p. 111)**

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!  
U het die waters in hul woede / betuel in die skeppingstond  
en het die aarde vas gegrond / op wye seë en watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,  
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,  
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

**Gebed**

**Psalm 25:4, 6 (p. 116)**

- 4 God is goed in al sy handel, / en sy pad is enkel reg;  
daarom laat Hy sondaars wandel / in die waarheid van sy weg.  
Hy sal met sy hand hul lei / wat verdwaal was en verlore;  
wie sagmoedig is, laat Hy / wandel op sy regte spore.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

**Skriflesing:** 1 Timoteus 3:1-7; 5:17-19; Hebreërs 13:7-19;

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 31

**Kernvers:** Hebreërs 13:17

**Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie. (Hebreërs 13:17 AFR83)**

**Nederlandse Geloofsbelydenis**

**Artikel 31**

**Die ampsdraers van die kerk**

*Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer. Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.*

*Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is – die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk. Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen, en sover moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef.*

*Hand 6:3-4; 1 Tim 4:13; Hand 1:23; 13:2; 1 Tim 5:22; 1 Kor 12:28; Rom 12:8; 1 Tim 4:14; Matt 18:26; 1 Kor 3:8; Rom 12:7-8; 2 Kor 5:19; Hand 26:18; Jes 61:1; Efes 1:22; Kol 1:28; 1 Tess 5:12-13; Heb 13:7, 17.*

**Tema:** Christus het sy dienste ingestel om sy kerk te regeer

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons glo dat die kerk aan die Here alleen behoort. Daarom kan en mag ons nie van ons kerk praat nie. As 'n mens praat van my kerk of ons kerk, wil dit blyk asof die kerk aan 'n mens behoort. Die Here leer ons mos uitdruklik dat die kerk aan Hom behoort. Jesus Christus is die Hoof van die kerk en die kerk is sy liggaam. Die kerk bestaan dan ook uit mense wat aan die Here behoort omdat Christus hulle met sy bloed vir sy Vader gekoop het. Dit wil sê, die kerk is gelowige mense. Elkeen van hierdie gelowige mense is 'n lidmaat van Christus, omdat hy en sy tot die liggaam van Christus behoort.

Met hierdie beeld van die kerk as liggaam van Christus verduidelik die Heilige Gees op verskeie plekke in die Skrif wat die gelowiges se verhouding tot Christus is en wat sy verhouding tot die gelowiges is. Maar uit hierdie beeld lei ons ook af wat die verhouding van die gelowiges tot mekaar is. En in hierdie artikel van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons in besonder wat die verhouding tussen die ampte of dienste en die gemeente wedersyds is.

Ons is daarvan oortuig dat die regering van die kerk deel uitmaak van ons geloofsbelydenis. En by al drie hierdie artikels wat oor die regering van die ware kerk handel, naamlik Artikels 30 tot 32, is daar net een beginsel: Christus is die enigste Hoof van die kerk. Sy wil is dus beslissend in die regering van die kerk. Sy wil is ook beslissend wanneer dit kom by die mense wat in die besondere dienste in die kerk moet wees deur wie Hy sy regering in die kerk gaan uitoefen.

Aangesien Christus self sy kerk met sy Gees en Woord regeer, bely ons dat die mense wat predikante, ouderlinge en diakens in die kerk moet wees wettig deur die kerk self verkies moet word. Deur die geskiedenis heen tot vandag toe is daar mense wat oortuig is dat die predikante, ouderlinge en diakens van buite af of van bo af in die kerk aangestel word. In die beginjare van die kerk in ons eie land het dit gebeur dat die Nederlandse owerheid en Klassis Amsterdam die sê gehad oor wie as predikante, ouderlinge en diakens in die kerk mag dien. Vir baie jare het hierdie ongelukkige manier van werk voortgeduur. En toe die Kaap 'n kolonie van die Engelse regering geword het, het daardie owerheid voortgegaan met die praktyk om predikante aan te stel. Die gemeentes het nie self 'n sê gehad nie of het maar 'n geringe sê gehad oor wie as predikante, ouderlinge en diakens mag dien.

Ons dank die Here dat hierdie manier van werk verby is en nie meer in die gereformeerde kerke geld nie. Maar in die Roomse en Anglikaanse kerk waar daar 'n rangorde van ampte is, word die priesters vandag nog deur die pous of die biskop aangestel sonder dat die gemeentes regtig 'n sê het.

Wanneer ons dan bely dat die predikante, ouderlinge en diakens wettig deur die kerk tot hulle ampte verkies moet word, beteken dit nie dat ons mense wat lidmate van Christus is sommer nou self besluit wie in die besondere ampte moet dien nie. Christus regeer sy kerk, daarom kies Hy self die mense wat in die besondere ampte mag dien. Christus deel immers die gawes deur sy Gees aan mense uit sodat hulle 'n spesifieke diens in die kerk kan en moet verrig.

Omdat Christus sy kerk met sy Gees en Woord regeer, lei die Heilige Gees die gemeente om manne

te identifiseer wat van die Here die gawes ontvang het om as predikante, ouderlinge en diakens te dien. Die Heilige Gees stel ons ook in staat om aan die hand van die voorskrifte in die Bybel te toets of die manne wat ons dink in die ampte kan dien regtig geskik is om die diens te verrig. So mag dit dan kom dat daar byvoorbeeld twee manne geïdentifiseer word wat as diakens kan dien, maar daar is net een wyk wat nie 'n diaken het nie. Nou moet daar gestem word oor wie as diaken gaan dien.

Die Here het reeds self die diaken gekies vir daardie spesifieke wyk, maar ons as gemeente weet nog nie wie hy is nie. Omdat die dienswerk van die predikant, ouderling en diaken so belangrik en gewichtig is, kom die gemeente in 'n vergadering bymekaar. Onder aanroeping van die Naam van die Here word daar dan gestem. Ons roep die Here aan, want Hy weet wie Hy as diaken, ouderling of predikant wil laat dien. Net Hy kan deur sy Gees aan ons die wysheid skenk om dan die persoon aan te wys wat Hyself reeds verkies het. En eers na die tyd van approbasie, die tyd wat die verkose persoon se naam afgekondig word, word hy in sy diens as predikant, ouderling of diaken bevestig. Dit is dan 'n wettige verkiesing van die manne wat die Here in sy kerk wil gebruik en deur wie Hy met sy Gees en Woord sy kerk gaan regeer.

Op geen ander manier, geliefdes, kan en mag iemand in die besondere ampte kom nie. Daarom bely ons dat niemand met onbehoorlike middele in 'n diens mag indring nie. Niemand kan uit eie beweging sommer besluit dat hy 'n predikant, ouderling of diaken wil wees en die amp dan beklee nie. Indien iemand egter begeer om in 'n besondere amp te dien, is dit goed, sê Paulus op 'n plek. Maar daardie begeerte beteken nog nie dat so iemand in die amp mag dien nie. So 'n mens moet wag totdat die Here hom deur middel van die gemeente roep. Christus stel immers die mense aan wat moet dien en Hy gee aan elkeen sy opdrag. En aangesien Christus sy dienaars roep en aanstel, is hulle aan Hom en sy Vader rekenskap verskuldig. Iemand wat as predikant, ouderling of diaken dien, is nie in diens van die kerk nie, maar in diens van Christus. Daarom eis die Here rekenskap van elkeen van sy dienaars oor die werk wat hulle verrig.

Dit bring ons dan, broers, susters en kinders, by 'n volgende saak soos dit uit ons belydenis blyk. ***Wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is – die enigste algemene Opsiner en enigste Hoof van die kerk.*** Ons het dit by 'n vorige geleentheid ook al gesê: geen predikant, ouderling, diaken of watter lidmaat ook al het uit hulleself gesag in die kerk nie. Daarom dans die kerk nie volgens die pype van dié mense nie. Christus alleen het gesag in sy kerk en die ampte is aan hierdie gesag van Christus onderwerp soos die hele gemeente aan Christus se gesag onderwerp is.

Wanneer predikante, ouderling en diakens dan in hulle diens optree, is hulle slegs diensknegte van Jesus Christus. Hulle bedien alleenlik sy gesag in die kerk. Dit gebeur wanneer hulle in ooreenstemming met die opdrag wat Christus aan hulle gegee het hulle werk in die kerk verrig. In prediking, huisbesoek en op kerklike vergaderings moet alleen die stem van die Here gehoor word. Hy moet deur die dienste wat Hy ingestel het aan die woord kom. En elkeen wat in die erediens, by die huisbesoek en op die kerklike vergadering is, insluitende die persoon deur wie die Here sy gesag laat bedien, is aan die gesag van die Here onderwerp, want almal is maar net dienaars van die Here Jesus Christus.

Geliefdes, hieruit blyk dit dat die ampte 'n dienende karakter het. Van oorheersing van die een amp oor die ander ampte of van een ouderling oor ander ouderlinge of van een van die ampte oor die hele gemeente mag daar geen sprake van wees nie. Of jy nou in een van die besondere ampte deur die Here aangestel is of nie, voor die Here staan almal op gelyke voet. Die gawe om in een van die besondere ampte dien, kom nie uit die persoon van die mens self na vore nie. Daardie gawes is deur die Here aan hom gegee om 'n dienskneg van die Here in die kerk te wees. Oor die wyse waarop elke predikant, ouderling en diaken sy gawes aangewend het, sal hy rekenskap aan die Here moet

gee. Slegs die Here heers in sy kerk, want Hy is die Koning van sy kerk.

Maar ons lewe nog nie in die hiernamaals nie. Ons is nog steeds sondaars, ook predikante, ouderlinge en diakens. Daarom kan dit gebeur dat een van hulle die grense wat die Here gestel het oorskry en in plaas van dienaar wees wil hy 'n heerser wees deur sy wil af te dwing asof dit die Here se wil is. Wanneer so iets gebeur moet die hele gemeente hulle deur die Gees en Woord van God laat lei en beheers. Moenie deur die persoon wat wil heers afgeskrik word nie. Die Here regeer immers sy kerk met sy Gees en Woord. Die kerkraad moet gehoorsaam aan die Woord van die Here so iemand met die Woord van die Here tot orde roep en selfs, as dit nie anders kan nie, so iemand uit sy amp afsit. En as dit lyk asof die kerkraad nie optree nie, moet die gemeente die gesag van Christus laat hoor. Die kerk is immers die Here se eiendom en sy Woord alleen het gesag in die kerk.

Alhoewel elke dienskneg van die Here Jesus een en dieselfde gesag bedien, naamlik die gesag van Christus, beteken dit nog nie dat enige dienskneg sommer die werk van 'n ander amp mag doen nie. Die ouderling kan nie die predikant of die diaken se diens verrig nie, so ook mag die predikant of diaken nie sommer een van die ander ampte se diens verrig nie. Die Here het aan elkeen sy eie opdrag gegee en Hy het aan elkeen die gawes gegee om in daardie amp te dien. As iemand in die diens van 'n ander wil indring, staan hy skuldig voor die Here. Die Here eis rekenskap van so 'n mens.

Nou moet ons egter nie dink dat daar net gevare is om as 'n predikant, ouderling of diaken van die Here te werk nie. Om as 'n dienskneg van die Here in die besondere ampte te dien, is 'n baie groot en baie heerlike voorreg. Om met die gawes wat die Here aan jou gegee het Hom en sy gelowiges te dien is voorwaar heerlik. Sodoende bring jy as ouderling die wil van die Here hoorbaar aan elke gelowige wat die Heilige Gees onder jou sorg geplaas het as herder. Met liefde en nederigheid bedien jy Christus se gesag in onderrig, vermaning, bemoediging en aansporing aan elke huisgesin in jou wyk. As diaken wek jy met Christus se gesag die gemeente op tot dade van liefde teenoor mekaar en teenoor alle mense en bring jy die troos en rus wat Christus vir ons gebring het aan hulle wat nood van watter aard ook al ly. En die predikant verkondig die vermaning, troos en liefde van die Here aan die kinders van God.

Predikante, ouderlinge en diakens het van Christus hierdie opdrag gekry om sy gesag aan elke lidmaat van Hom te bedien. Hulle hou wag oor elke lidmaat se lewe. Hierdie woorde in Hebreërs 13:17 kan ook vertaal word met: *hulle het slapelose nagte oor julle lewe*. Christus het immers sy diensknegte aangestel om na die Here se kinders om te sien. Daarom is dit 'n bitter groot verantwoordelikheid wat op die ampte se skouers gelê is. Oor elke kind van Hom sal die Here verantwoording eis.

Omdat die diensknegte van die Here die gesag van Christus aan die lidmate bedien, eis die Here dat sy kinders gehoorsaam en onderdanig aan die ampte moet wees. Gelowiges moet aan ouderlinge, predikante en diakens gehoorsaam en onderdanig wees, nie omdat dit oom so en so is nie, maar omdat hulle die gesag van Christus bedien. Wie egter die vermaning of vertroosting, die onderrig en opwekking van die Here se diensknegte verwerp, verwerp nie sommer maar net die ouderling of diaken se woord nie. So 'n mens verwerp die Here se gesag, want dit is die Here wat daardie dienskneg aangestel het om jou te bedien.

Wanneer lidmate die Here gehoorsaam soos Hy deur sy diensknegte spreek, kan hulle die werk wat aan hulle opgedra is met vreugde doen. Dit is mos lekker om te sien dat mense die Here gehoorsaam en sy vrede ondervind. Maar wanneer daar van die lidmate se kant af 'n teenkanting is teen die gesag van Christus kla die diensknegte en dit is nie tot voordeel van die gemeente nie. Lidmate wat nie buig onder Christus se gesag wat deur die diensknegte bedien word nie, veroorsaak

dat die Here se vrede nie in hulle eie lewens neerslag vind nie. Vir die diensknegte raak dit dan al moeiliker om daardie lidmate met vreugde te bedien en die volle voordeel van die Here se werk kan dan nie sigbaar word nie.

Daarom bely ons met hierdie kragtige woorde: ***Verder sê ons: met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, moet elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting hê ter wille van die werk wat hulle doen.*** Laat ons dan vir mekaar bid. Bid vir die diensknegte wat die Here in die besondere ampte aangestel het sodat hulle met ywer sal voortgaan om die gesag van Christus verantwoordelik in sy kerk te bedien. Bid vir elke kind van God dat elkeen hom en haar aan die gesag van Christus sal onderwerp en nie onverantwoordelik die Woord van die Here verwerp nie. Mag die Heilige Gees Christus se kerk oor die hele aarde so met die Woord van God beheers dat sy volwasse in die geloof mag word deurdat die diensknegte hulle werk kan doen en die lidmate die voorgangers kan volg. So wil Christus immers dat sy gesag in die kerk sal geld.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 128:1, 4 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,  
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan  
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet  
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
  
- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;  
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!  
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!  
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
5 Mei 2013